



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GESKIEDENIS V2

2021

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskrif van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN SOWJETMISSIELE NA KUBA GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Lees Bron 1A.

- 1.1.1 Waarom, volgens die bron, het die Amerikaanse intelligensie-gemeenskap oor die gebeure in Kuba agterdogtig geraak? (1 x 2) (2)
- 1.1.2 Noem die TWEE stappe in die bron wat die Amerikaanse regering gedoen het om te kyk wat besig was om in Kuba plaas te vind. (2 x 1) (2)
- 1.1.3 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die Sowjetunie Kuba militêr bygestaan het. (2 x 1) (2)
- 1.1.4 Verduidelik wat Kennedy geïmpliseer het met die stelling, 'hierdie land doen wat ook al gedoen moet word om sy eie veiligheid en dié van sy bondgenote te beskerm', in die konteks van die ontplooiing van Sowjet- missiele na Kuba. (2 x 2) (4)
- 1.1.5 Lewer kommentaar op waarom Khrushchev voortgegaan het om missiele na Kuba te ontplooi ten spyte van Kennedy se waarskuwing. (2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

- 1.2.1 Verduidelik die konsep *kwarantyn* in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Waarom, volgens die bron, het ExComm dit nodig gevind om die Sowjetunie onder druk te plaas om die missiele uit Kuba te verwyder? (2 x 1) (2)
- 1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Robert McNamara en President Kennedy vasbeslote was om 'n militêre konfrontasie met die Sowjetunie te vermy. (2 x 2) (4)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

- 1.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. Gebruik die leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 1.3.2 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die Kubaanse Missielkrisis navors. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

- 1.4.1 Hoe, volgens die bron, het Khrushchev verwys na die kwarantyn wat die VSA op Sowjet-skepe ingestel het? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Kies TWEE bewyse in die bron wat aandui dat President Khrushchev nie met die kwarantyn wat die VSA wou instel, saamgestem het nie. (2 x 1) (2)
- 1.4.3 Verduidelik wat jy dink Khrushchev geïmpliseer het met die stelling, 'ons (sal) nie blote waarnemers van seerowery deur Amerikaanse skepe in die oop see wees nie', in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (2 x 2) (4)
- 1.5 Verwys na Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B van die bewyse in Bron 1D verskil met betrekking tot die VSA se besluit om 'n kwarantyn op Sowjet-skepe in te stel wat Kuba wou binnevaar. (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika in 1962 op die ontplooiing van Sowjet-missiele na Kuba gereageer het. (8)

[50]

VRAAG 2: HOE HET KUBA DIE POPULAR MOVEMENT FOR THE LIBERATION OF ANGOLA (MPLA) GEDURENDE DIE ANGOLESE BURGEROORLOG VAN 1975 ONDERSTEUN?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

- 2.1.1 Waarom, volgens die bron, wou Losada Angola 'binnegaan'? (1 x 2) (2)
- 2.1.2 Noem die TWEE versoeke wat die MPLA in Mei 1975 aan Kuba gerig het, soos in die bron aangehaal. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Verduidelik waarom dit vir die Kubane nodig was om die terrein in Angola te leer ken. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Lewer kommentaar op die mate waartoe 'n geskiedkundige hierdie bron as betroubaar sou beskou wanneer die redes vir Kuba se betrokkenheid in Angola nagevors word. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

- 2.2.1 Identifiseer, in die bron, TWEE aspekte van die opleidingsprogram wat Kuba vir Neto aangebied het. (2 x 1) (2)
- 2.2.2 Noem die TWEE Kubaanse bevelvoerders in die bron wat vir die algehele operasie in Angola verantwoordelik was. (2 x 1) (2)
- 2.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Kuba in 1975 besluit het om nog soldate na Cabinda te ontplooi. (2 x 2) (4)

- 2.3 Verwys na Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2B die inligting in Bron 2A ondersteun met betrekking tot Kuba se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2C.

- 2.4.1 Verduidelik die konsep *onafhanklikheid* in die konteks van Angola. (1 x 2) (2)
- 2.4.2 Waarom, volgens die bron, is 'Operasie Carlota' van stapel gestuur? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Verduidelik waarom lede van die spesiale bataljon 'in somersklere sonder militêre kentekens (wapens) geklee' was en 'aktetasse en gewone paspoorte gedra' het. (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Identifiseer TWEE militêre items in die bron wat die spesiale bataljon in die vragruim van die vliegtuig gestoor het. (2 x 1) (2)

- 2.5 Raadpleeg Bron 2D.
- 2.5.1 Verduidelik waarom hierdie foto geneem is. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van Agostinho Neto en Fidel Castro op die agtergrond van die foto. (2 x 2) (4)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe Kuba die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA) gedurende die Angolese Burgeroorlog van 1975 ondersteun het. (8)
- [50]**

VRAAG 3: WATTER ROL HET ELAINE BROWN GEDURENDE DIE 1960's EN 1970's IN DIE BLACK PANTHER-PARTY GESPEEL?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

- 3.1.1 Wat, volgens die bron, het Elaine Brown se politieke opvoeding beïnvloed? (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Haal TWEE rolle uit die bron aan wat Elaine Brown in die Black Panther-Party gespeel het. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Verduidelik waarom Elaine Brown se aanstelling as die eerste vroulike lid van die Black Panther se Sentrale Komitee belangrik was. (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Waarom, volgens die bron, het Elaine Brown die leier van die Black Panther-party geword? (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

- 3.2.1 Haal TWEE sinne uit die bron aan wat daarop dui dat Elaine Brown haar plek in swart Amerikaanse geskiedenis ingeneem het. (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Verduidelik tot watter mate geskiedkundiges Elaine Brown se leierskap van die Black Panther-party as 'rewolusionêr' sal beskou. (2 x 2) (4)
- 3.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat Elaine Brown met, 'ek sal nie toelaat dat my leierskap uitgedaag word nie', in die konteks van die Black Panther-party, geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

- 3.3.1 Lewer kommentaar op waarom hierdie foto geneem was. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Verduidelik die belangrikheid van die gebalde vuiste in die lug in die foto. (1 x 2) (2)

- 3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C met betrekking tot Elaine Brown se leierskap van die Black Panther-party ondersteun. (2 x 2) (4)

- 3.5 Bestudeer Bron 3D.
- 3.5.1 Wat, volgens Elaine Brown, het 'dit beteken om 'n Black Panther te wees'? (2 x 1) (2)
- 3.5.2 Identifiseer TWEE lede van die Black Panther-party in die bron wat in 1969 in Los Angeles vermoor is. (2 x 1) (2)
- 3.5.3 Definieer die konsep *fascisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Lewer kommentaar op wat Elaine Brown met die stelling, 'indien ons die voorlopers vir die bevryding van die swart Amerikaners wou wees ...', geïmpliseer het. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die uitdagings wat die Black Panther-party in die 1960's en 1970's in die gesig gestaar het, navors. (2 x 2) (4)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol wat Elaine Brown in die 1960's en 1970's in die Black Panther-party gespeel het, verduidelik. (8)

[50]

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie afdeling NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Verduidelik tot watter mate Mao Zedong se beleide van die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie suksesvol was om tussen 1958 en 1969 die industriële en landbouproduksie in die Volksrepubliek van China te verhoog.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

Mobuto Sese Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) het in die 1960's die politieke en ekonomiese uitdagings oorkom wat hulle onderskeie lande na die verkryging van onafhanklikheid van koloniale bewind in die gesig gestaar het.

Bespreek hierdie stelling krities. Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING**

Amerikaanse burgerregte-aktiviste was suksesvol met die gebruik van verskillende vorme van protesaksie om diskriminasie in die 1960's in die Verenigde State van Amerika te beëindig.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]**TOTAAL: 150**